

**Saterdag 11 Februarie**

**Skrifgedeelte: Handeling 2:1-13**

**Fokusgedeelte: Handeling 2:4; 4:31 (1953-vertaling)**

**Verskil tussen doop en vervulling met die Heilige Gees**

Jesus het na die indrukwekkende gebeure op Pinkster, met die uitstorting van die Heilige Gees, verwys as die doop met die Heilige Gees. By die doop met die Heilige Gees word die klem op God se handeling van regverdig-making geplaas. God neem deur die Gees intrek by die mens wat deur die soenverdienste van Christus rein geword het van al sy sonde. Daarmee het God net een maal gekom om vir ewig by hulle te bly. Vir die kerk het dit net eenmaal gebeur by Pinkster.

Vir die gelowige gebeur dit ook net eenmaal wanneer hy wedergebore word en tempel van die Heilige Gees word. Dit is God se genadewerk. Hierna volg die vervulling met die Heilige Gees wat enersyds dui op al die geestelike gawes en seënninge wat God algaande aan sy kind skenk, soos geloof, hoop en liefde.

Daarby is die vervulling met die Heilige Gees 'n verantwoordelikheid van die mens om met die gawes en seënninge te groei in die geloof en heiligmaking. Hiervoor rus God sy kinders ook toe. Indien jy glo dat Jesus die Christus is, deur wie se soenoffer aan die kruis jy regverdig gemaak is, is jy gedoop met die Heilige Gees.

Jy is egter hiermee ook deur God geroep om in die geloof te groei en vir God en jou naaste diensbaar te wees. Daarvoor moet jy deur die Heilige Gees vervul word, beheers word. Dit gebeur deur gehoorsaamheid aan die Woord wat deur die Gees geïnspireer is. Die Pinkstergebeure was indrukwekkend, maar besef jy nou wat 'n indrukwekkende begin God met jou maak?

Hierdie begin verseker ook aan jou 'n meer indrukwekkende einde wan-neer die Gees jou sal voorberei vir Christus se wederkoms as Koning van sy ewige Koninkryk.

*Sing: Skrifberyming 33(2-4):1, 3*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)*